

GEMEENTE.

LES 22

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> 1 TIMOTEUS 1 - 4
----------	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (1 Timoteüs 1 - 4). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) <i>[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]</i> (9) JOHANNES 8:12
----------	--

Herhaal twee-twee:

(9) Johannes 8:12. “Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie.”

4	BYBELSTUDIE (85 minute) <i>[EVANGELIE VAN JOHANNES]</i> JOHANNES 9:1-41
----------	--

Inleiding. Johannes 9:1- 41 beskryf die appèl van Jesus Christus op die blindgebore man: “Glo jy in die Seun van die mens?” Op die man wat genees is se vraag, “Wie is dit Meneer, sodat ek in Hom kan glo, het Jesus vir hom gesê, “Jy sien Hom. Dit is Hy wat met jou praat” (Johannes 9:35,37). Hy leer toe dat Hy, Jesus, gekom het om ’n oordeel te vel, sodat mense wat nie sien nie omdat hulle (geestelik) blind is, kan sien en om ’n oordeel te vel oor mense wat dink dat hulle kan sien.

STAP 1. LEES.	GOD SE WOORD
<i>Lees.</i> Ons gaan Johannes 9:1-41 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

STAP 2. ONTDEK.	WAARNEMINGS
<i>Oorweeg.</i> WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? <i>Skryf neer.</i> Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. <i>Deel.</i> Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

9:2

Ontdekking 1. Die verband tussen sonde en lyding.

Volgens die Bybel kan liggaamlike lyding soos ontberings, vervolgings, ongelukke, siektes, gebreke en die dood, herlei word na drie morele oorsake:

- (1) Liggaamlike lyding kan herlei word na die erfsonde (die sonde van die voorvader van alle mense, Adam).

Die eerste voorvader. God het Adam as die eerste mens na die beeld van God geskep en het Adam as die verteenwoordiger van die menslike geslag beskou. Toe Adam in sonde geval het, het die hele menslike geslag wat met hom verbonde is, saam met hom in sonde geval. Van nature is alle mense nou sondaars en word as kind al met ’n sondige natuur gebore.

Romeine 5:12-21 en Romeine 8:19-23 en ander Bybelgedeeltes leer dat die sondeval van Adam en Eva die hele menslike geslag raak. Die sonde van Adam en Eva het vyandskap tussen Satan en die mens gebring (Genesis 3:15), het die moeite by die swangerskap van die vrou en die geswoeg by die werk van die man baie groot gemaak (Genesis 3:19), dit het ’n vloek op die aarde en uiteindelik die liggaamlike dood van die mens gebring (Genesis 3:19). Die mensheid ly

in solidariteit met die ander mense om hulle heen as gevolg van die sondeval van die eerste mens. Sowel goeie as slegte mense ly onder rampe soos oorstromings, droogtes aardbewings en epidemies maar ook deur die kwaad wat mense mekaar aandoen.

(2) Liggaamlike lyding kan herlei word na die sonde van die ouers.

Die gemeenskap. God gaan nie net met individue om nie, maar ook met gemeenskappe. God se geboorte is aan die hele gemeenskap gegee, wat uit families en individue bestaan. In Eksodus 20:5 sê God dat Hy die misdaad van die vaders straf aan die kinders, aan die derde en vierde geslag van hulle wat Hom haat. Byvoorbeeld, hoewel God die Israeliete uit die slawerny in Egipte gelei het en hulle die land van die Kanaäniete in besit geneem het, was hulle (die gemeenskap, die volk) tog aan God ongehoorsaam en het die afgode van die Kanaäniete aangehang. Daarom het God in latere geslagte die land van Israel oorgegee aan plundering, beleëringe, oorloë en ballingskap na Assirië en Babilon (Jeremia 32:18-24).

(3) Liggaamlike lyding kan herlei word na eie (persoonlike) sonde.

Die individu. God se oordeel hou rekening met die sonde van elke individuele mens. In Jeremia 31:30 sê Hy: “Elke mens sal oor sy eie sonde sterf: wie groen druiwe eet, se tande sal stomp word.” En omdat alle mense gesondig het, sal alle mense deel hê aan die lyding en uiteindelik sterwe! “Die loon wat die sonde gee, is die dood” (Romeine 6:23).

Dit is duidelik dat die liggaamlike lyding as gevolg van jou eie sonde en die sondes van jou ouers die gevolg is van die sondeval van Adam en Eva. Die Jode het egter die gevolge van hul eie sonde en die sonde van hul ouers buite alle proporsie oordryf. Byvoorbeeld, die vriende van Job het gesê dat Job ly omdat hy wreed teenoor weduwees en wese was (Job 22:5-11). Die Joodse godsdienstige leraars (die rabbi's) het selfs geleer dat ongebore babas in staat was om in die buik van hulle moeder te sondig! Hulle het gemeen dat Esau al in die baarmoeder probeer het om Jakob dood te maak (Genesis 25:22-26).

Maar in Lukas 13:2-5 leer Jesus dat die mense wat ly nie noodwendig groter sondaars is as diegene wat nie ly nie! Hy sê: “Dink julle dat hierdie Galileërs groter sondaars was as al die ander Galileërs omdat dit met hulle gebeur het? Nee, sê Ek vir julle, maar as julle julle nie bekeer nie, sal julle net soos hulle ook almal omkom.”

Hier in Johannes 9:3 leer Jesus dat lyding nie net 'n oorsaak kan hê nie, maar óók 'n dóél kan hê! Hierdie man het gely omdat hy blind gebore is, nie omdat hy of sy ouers gesondig het nie, maar sodat sy genesing heerlikheid aan God sou bring! Sy lyding hét 'n doel! Sy lyding sou mense daartoe bring om Jesus Christus aan te neem! Hoe moeilik dit ook mag klink, alle rampe en al die lyding het as uiteindelijke doel die verheerliking van God in Jesus Christus!

9:3-5

Ontdekking 2. Die werke wat Christene moet doen solank dit dag is.

In Johannes 9:4 sê Jesus: “So lank as dit nog dag is, moet ons die werk doen van Hom wat My gestuur het; die nag kom, wanneer niemand kan werk nie.”

(1) Daar is min tyd om God se werke te doen.

Jesus sê dat ‘Sý dag’ net solank is as wat Hy nog op die aarde leef. Vir sy dissipels is die dag net solank as wat hulle nog op aarde leef! Daar is dus vir elke dissipel van Jesus vandag 'n tyd wat deur God vasgestel is om God se werk op die aarde te doen. God skenk vir elke Christen 'n bepaalde tyd om op die aarde te leef en te werk. Hy kry nie meer tyd nie! Daarom moet elke Christen die geskikte tyd en alle geleenthede wat God aan hom skenk, benut (vergelyk Efesiërs 5:16)!

(2) God se werke bestaan uit dae uit liefde gedoen.

God bring steeds weer ander mense op ons pad. Ons kan kies om op een van drie maniere op hulle te reageer:

- Sommige mense is jaloers op die mense wat hulle ontmoet en probeer om hulle uit te skakel. Hulle kan niks opbou nie. Hulle kan net kritiseer, skinder, skel of selfs onderdruk en vervolg. Dit het die Joodse godsdienstige leiers met Jesus gedoen.
- Ander mense is nuuskierig oor die mense wat hulle ontmoet en probeer meer oor hulle uit te vind. Die dissipels het probeer vasstel wie of wat die oorsaak vir die blinde man se lyding was. Maar Jesus wil nie maar net 'n bespreking hê nie. Hy wil hê daar dae verrig word!
- Die derde manier is om God se werke te doen en op 'n konstruktiewe wyse ander mense op te bou of te help.

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 9:1 - 41 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

9:13

Vraag 1. Wie was die Fariseërs na wie die voorheen blinde man gebring is?

Aantekeninge. Hierdie Fariseërs het instruksies van die hoogste Joodse Raad, die Sanhedrin, opgevolg. Die Sanhedrin het die gesag gehad om die blinde man uit die byeenkomste in die Joodse sinagoge te ban (Johannes 9:22,34). Soms vaardig die Sanhedrin 'n afvaardiging af om vas te stel of iemand miskien die komende Messias was (Johannes 1:24). In hoofstuk 9 het hulle waarskynlik kom vasstel of daar 'n wonderwerk deur die sogenaamde Messias plaasgevind het. Die ouers van die blindgebore man was baie versigtig met hulle antwoorde, omdat hulle bang was dat hulle uit die sinagoge geban sou word. Hierdie Fariseërs was waarskynlik 'n amptelik aangestelde en gemagtigde afvaardiging wat die Sanhedrin verteenwoordig het.

9:16-34

Vraag 2. Watter metode van redenering gebruik die Fariseërs teen hulle vyande?

Aantekeninge. Johannes 9 gee 'n goeie insig in die metodes wat die Fariseërs gebruik het in hulle argumente teen hulle vyande.

(1) Die Fariseërs het onderling geargumenteer om tot 'n gevolgtrekking te kom.

In Johannes 9:16 redeneer sommige Fariseërs teen Jesus soos volg:

- Alle mense wat van God kom, onderhou die Sabbat.
- Hierdie man, Jesus, onderhou nie die Sabbat nie.
- Daarom kom Jesus nie van God nie (Hy is onmoontlik die Messias en het geen wonderwerke gedoen nie)!

Die Fariseërs het gedink dat hulle argument logies was, maar hulle was verkeerd, omdat hul argument m.b.t. die sabbat nie op die Bybel gebaseer was nie. Dit was op hulle eie reëls m.b.t. die Sabbat gebaseer (vergelyk Markus 7:6-7; Kolossense 2:16-17)!

Ander Fariseërs redeneer vŃr Jesus soos volg:

- NŃt mense wat nie sondaars is nie, kan blindgeborenes laat sien.
- Hierdie man, Jesus, het die blindgebore man laat sien.
- Daarom is Jesus geen sondaar nie!

Die Fariseërs was onderling verdeeld! Terwyl sommige Fariseërs geredeneer het dat Jesus nie van God gekom het nie, het andere geredeneer dat Hy wel van God af kom.

(2) Die Fariseërs het die feite genegeer, maar het vrees/angs gebruik om mense te dwing.

In Johannes 9:17-23 het die Fariseër die ouers van die blindgebore man ondervra. Niemand kon die feite ontken nie!

Maar die Fariseërs was nie bereid om te erken dat Jesus 'n wonderwerk gedoen het nie! Intussen het die Sanhedrin reeds 'n besluit geneem dat as iemand sou erken/bely dat Jesus die Messias was, hy uit die sinagoge geban sou word (vers 22)! Die Fariseërs het besluite geneem om angs by die mense te wek, sodat die mense nie sou durf om teen hulle te gaan nie! Maar hulle het egter glad geen gesag gehad om sŃ 'n besluit te neem nie, omdat dit nie mense is nie, maar God wat bepaal wie die Messias is en wat die Messias doen!

(3) Die Fariseërs het die feite verdraai ten einde Jesus in diskrediet te bring.

In Johannes 9:24 het hulle probeer om die voorheen blindgebore man iets te laat sŃ wat Jesus in diskrediet sou bring. Hulle het gesŃ: "Ons weet dat hierdie Mens 'n sondaar is. Gee daarom aan God die eer dat God hierdie wonderwerk gedoen het!" Hulle wou dat die voorheen blindgebore man sou sŃ dat dit niŃ Jesus was wat die wonder gedoen het nie, maar God. Hulle soos volg teen Jesus geredeneer:

- NŃt mense wat geen sondaars is nie, kan die oŃ van 'n blindgebore man oopmaak.
- Hierdie man, Jesus, is 'n sondaar (Hy onderhou nie die sabbat nie).
- Daarom kon Jesus niŃ die oŃ van hierdie blindgebore man oopgemaak het nie.

Die Fariseërs het die feite verdraai. Hulle wou hŃ dat almal moet glo dat Jesus 'n sondaar was en nie sŃ 'n wonder kon doen nie. Maar die blindgebore man het op die feite bly staan (vers 25). "Of Hy 'n sondaar is, dit weet ek nie. Een ding weet ek wel: ek was blind en nou sien ek."

(4) Die Fariseërs het hulle vrae herhaal om hulle teenstander op 'n teenstrydigheid te betrap.

Johannes 9:26-27. Die Fariseërs het steeds hulle vrae herhaal, ten einde hulle teenstander op 'n teenstrydigheid (ongerymdheid) te betrap. Maar die voorheen blindgebore man het deur hulle metode gesien om die feite te ontwyk. Hy het die Fariseërs gevra of die werklike rede waarom hulle steeds 'n antwoord van hom wil hŃ, was dat hulle ook dissipels van Jesus wou word. Hierdie vraag het die Fariseërs woedend gemaak.

(5) Die Fariseërs het nooit toegegee dat hulle verloor het nie, maar het hulle toevlug geneem tot skeltaal.

Johannes 9:28-33. Die Fariseërs het gereageer soos mense in 'n kultuur waar skaamte 'n groot rol speel: hulle kŃn nie en wou nie toegee dat hulle verloor het nie! Daarom neem hulle hul toevlug tot skeltaal en beswadding. Hulle noem Jesus 'hierdie mens' en 'n sondaar' en sŃ dat hulle nie weet waar Jesus vandaan kom nie.

Hierdie keer betaal die voorheen blindgebore man die Fariseërs in eie munt terug (Johannes 9:31). Hy redeneer soos volg vir Jesus:

- God luister nie na sondaars nie, maar net na godvresende mense wat die wil van God doen.
- God het na Jesus geluister (en Hy het die oë van 'n blindgebore man oopgemaak).
- Daarom het Jesus van God gekom (anders sou Hy niks kon doen nie).

Die voorheen blindgebore man het die Fariseërs met hulle eie metode van redenasie verslaan! Die enigste verskil is dat hy volgens die Bybel reg was en die Fariseërs verkeerd! God luister na die gebede van regverdige mense (1 Petrus 3:12). God het na Jesus geluister!

(6) Die Fariseërs het geweld gebruik of hulle gesag misbruik as hulle aan die verloorkant was.

Johannes 9:34. Die Fariseërs het 'n vernederende neerlaag gely. Al wat nou oorgebly het, was om hulle gesag te misbruik en geweld te gebruik! Hulle het die blindgebore man uit die sinagoge geban (Johannes 9:34). Dit was 'n ernstige straf omdat iemand wat uit die sinagoge geban was, afgesny was van die godsdienstige en sosiale lewe in Israel! Mense sou hom vermy en ook geen sake met hom wil doen nie. Mense sou hom selfs kon doodmaak sonder om vervolgt te word. In bepaalde godsdienste gebeur dit vandag nog steeds.

9:35

Vraag 3. Hoe het Jesus Christus mense benader?

Aantekeninge. Later het Jesus die blindgebore man, wat nou kon sien, gesoek en gevind. Terwyl die Fariseërs hom verwerp en verneder het, het Jesus Christus hom gesoek en gevind! Terwyl die godsdienstige leiers en leraars onderwerping aan hulle godsdienstige reëls en gebruike geëis het, was Jesus Christus geïnteresseer in sy liggaamlike, geestelike en sosiale genesing! Godsdienstige mense is nie geïnteresseer in 'n mens nie, maar Jesus het gekom om die hele mens te red! Hy het gekom om hul liggame te genees, hul sondes te vergewe, hul gebroke verhoudings te herstel, om hulle met God te versoen, die behoeftiges te help en die verdruktes te bemoedig (Matteus 11:2-6). Terwyl die godsdienstige leiers en leraars van die Jode hulle besig gehou het met hulle eie mag, posisie en eer, het Jesus Christus Hom besig gehou met die verlossing en welsyn van ander mense. Terwyl die godsdienstige leiers en leraars van die Jode hulle nêr besig gehou het met hulle godsdienstige reëls, het Jesus Hom besig gehou met die hele mens.

9:38

Vraag 4. Mag Christene Jesus Christus aanbid?

Aantekeninge. In Johannes 9:38 sê die voorheen blinde man: "Ek glo, Here! En hy het Hom (Jesus) *aanbid*." Die blindgebore man het Jesus as die Messias, die Seun van God herken, en daarom as Die Een wat aanbid moet word. Hy het *nie* maar net Jesus *gerespekteer* of *vereer* (soos sommige godsdienste vandag nog doen) nie, maar het op sy knieë voor Jesus geval en Hom *aanbid*!

In Johannes 4:20-24 word dieselfde woord 'aanbid' vir God gebruik! Ook in ander dele van die evangelie word Jesus Christus deur sy dissipels en deur ander mense as God aanbid (Matteus 2:11; 14:33; 28:9,17; Lukas 24:52; Openbaring 5:13-14). Jesus het nooit vir mense gesê dat hulle Hom nie moes aanbid nie. Intendeel, Hy het steeds daarop aanspraak gemaak dat Hy die Seun van God is, gelyk aan God die Vader en gelykwaardig aan God die Vader om verheerlik en aanbid te word!

9:39-41

Vraag 5. Wanneer is mense geestelik blind?

Aantekeninge. In Johannes 9:39 en 41 leer Jesus: "Ek het na hierdie wêreld toe gekom met die oog op 'n beslissing, sodat dié wat nie sien nie, kan sien, en dié wat sien, kan blind word." Vir die Fariseërs het Jesus gesê: "As julle blind was, sou julle nie skuldig gewees het nie; maar nou sê julle: 'Ons sien.' Daarom bly julle skuldig." Die Fariseërs word nie vergewe nie, omdat hulle nie wil erken dat hulle sondaars is nie.

Die eerste koms van Jesus Christus na die wêreld was met die doel om mense te red (te verlos, salig te maak) (Johannes 3:16-17) en ander mense te oordeel (te veroordeel)(Matteus 3:11-12; Johannes 3:18,36). Hy verlos (neem aan) mense wat in Hom glo, maar veroordeel (verwerp) mense wat Hóm afwys.

(1) Mense wat erken dat hulle blind is, sal weer kan sien.

Mense wat erken dat hulle sondaars is en nie die vereiste geregtigheid en heiligheid van God besit nie, is soos geestelike blindes wat daarna weer kan sien. Hulle besef dat Jesus Christus hulle denke en hart aangeraak het en hulle ontvanklik vir die evangelie (sy woorde) gemaak het. Hulle bekeer hulle van hulle sondes en hulpeloosheid en strek hulle uit na Jesus Christus, die Lig van die wêreld. Deur Jesus Christus aan te neem, ontvang hulle verlossing. Hulle geestelike oë gaan oop, hulle kan die waarheid sien en alle dinge vanuit God se standpunt sien.

(2) Maar mense wat meen dat hulle altyd kan sien, sal blind word.

Mense wat ontken dat hulle sondaars is en verlossing nodig het, is soos siende mense wat geestelik blind geword het. Hulle kan nie hulle eie sondes, gebreke en tekortkominge sien nie of wil dit gewoon nie erken nie. Hulle maak altyd daarop aanspraak dat hulle reg en goed is. Hulle het glad geen behoefte aan 'n Verlosser nie. Hulle sluit hulle denke af

en verhard hulle harte teen die evangelie (die woorde van God). Hulle bekeer hulle nie en wil niks met Jesus Christus, die Lig van die wêreld, te make hê nie. Deur Jesus Christus nie aan te neem nie, ontvang hulle ook nie verlossing nie. Hulle word so blind dat hulle glad nie meer die waarheid kan sien nie en alle dinge nêr vanuit 'n wêreldse standpunt kan bekyk.

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou saam 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit Johannes 9:1-41.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie.

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid wees. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 9:1-41.

- 9:3. Besef dat die lyding nie maar net 'n oorsaak het nie, maar dat dit ook 'n doel het! Die lyding van die blindgebore man het die doel gehad dat God verheerlik moet word nadat hy sy sig teruggekry het. Sy genesing het ander mense tot bekering gebring (d.w.s. om Christus te ken en aan te neem)! Hoe moeilik dit ook al is om te begryp, alle rampe het uiteindelik die doel om God in Christus te verheerlik!
- 9:4. Besef dat God net die lewe aan jou geskenk het om die werke van God te doen, of die lewe nou kort of lank is. Jy kry nooit weer hierna 'n kans om op hierdie aarde te doen wat God wil hê dat jy moet doen nie. Beplan jou lewe rondom die werke wat God jou gee om te doen.
- 9:4. Besef dat die werk van God insluit dat jy behoeftige mense help en konstruktief opbou!
- 9:16. Vra jouself af: "Waarop baseer die ander persoon sy redenering? Op die Bybel of op hulle eie wettiese menings?" Sommer baie argumente lyk met die eerste oogopslag logies, maar as jy mooi nadink, sien jy dat hulle verkeerd is, omdat hulle op menslike oorwegings en verkeerde veronderstellings gebaseer is.
- 9:23. Dink daaraan dat bepaalde godsdienstige leiers en leraars sal probeer om hulle gesag te misbruik en jou te dwing om hulle standpunt te aanvaar. As jy weier om hulle standpunt te aanvaar, sal hulle dreig om jou uit hulle godsdienstige gemeenskap te gooi. Moet nooit toegee aan godsdienstige of sosiale druk nie.
- 9:24-25. Dink daaraan dat sommige godsdienstige leiers en leraars die feite sal verdraai om maar 'n argument te wen. Bepaal jouself altyd tot die feite.
- 9:25. As jy getuig hou dan steeds voor oë hoe Jesus Christus jou lewe verander het.
- 9:39. Erken jou geestelike blindheid en jy sal verlossing ontvang.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 9:1-41.

Ek wil solank as wat ek mag leef die werke van God bly doen! God het my één lewe gegee en ek wil hierdie een lewe aan sy diens wy. Ek weier om jaloers te word op andere of hulle bediening af te breek. Ek wil bly glo wat die Bybel leer en beveel en ek wil veral behoeftige mense liefhê en dien.

Ek wil bly onthou dat lyding deel is van die Christen se lewe. Daar sal tye wees dat ek ly as gevolg van my eie sondes, of as gevolg van die sondes van my ouers en voorouers, of as gevolg van die sondes van my gemeenskap en kultuur. Maar daar sal ook tye wees wanneer ek ly omdat GóD daarmee 'n doel het.

Die lyding is in elk geval nooit sonder 'n doel nie. Lyding is 'n manier om God te verheerlik, in heiliging te groei en voorberei te word vir die volmaaktheid in die ewigheid.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 9:1-41.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur maar één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5

GEBED (8 minute)

[VOORBIDDING]
BID VIR ANDERE

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 9 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit 1 Timoteüs 5 – 6 en 2 Timoteüs 1. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (10) Johannes 10:28.
Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.